**Vakansiedorp**
**Huiseienaarsvereniging**

Tel: 071 784 5275
E-pos: admin@hartenboshuiseienaars.co.za
Web:
https://www.hartenboshuiseienaars.co.za

# NUUSBRIEF

**Julie 2023**

Geagte Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaars

Die jaar het reeds tot in sy tweede helfte gevorder en ek wil u graag meedeel wat tot dusver gebeur het en nog moet gebeur.

## GRONDWET

Nadat die wysiging aan die Grondwet aangebring is soos versoek tydens die Jaarvergadering is dit aan die Advokaat voorgelê en deur hom bekragtig. Die Grondwet is daarna aan die Munisipaliteit van Mosselbaai voorgelê vir goedkeuring waarop ons nou wag.

## GRASSNYDIENSTE

Na baie goeie reën waartydens gras en onkruid welig gegroei het, was Lede ongelukkig oor die algemene toestand van die Oord ten opsigte van grasperke en plaveisels. Lede het aangedring dat daar drasties iets daaraan gedoen moet word. Aangesien daar as gevolg van die aanhoudende reën nie gif gespuit kon word sonder dat dit 'n vermorsing van gif sou wees nie, is besluit dat die onkruid met die hand verwyder moet word. 'n Ooreenkoms is met die huidige kontrakteur aangegaan om dit maandeliks te doen wanneer daar nie gespuit kan word nie. Terselfdertyd is besluit dat daar twee keer per maand gras gesny moet word om die Oord netjies te hou. Dit was 'n wysiging waar daar oor baie jare slegs een maal per maand gras gesny is en vier maal per jaar gif gespuit is.

Aangesien hierdie besluit 'n uitbreiding van die bestaande kontrak behels, is daar met die kontrakteur ooreengekom dat die diens weer geadverteer word en dat hy weer kan tender. 'n Advertensie is in die *Mosselbaai Advertiser* geplaas en ses tenders is ontvang. Die tenders is oorweeg en daar is besluit om die tender van die oorspronklike kontrakteur te aanvaar. 'n Nuwe uitgebreide kontrak wat die volgende behels is met hom gesluit:

1. Sny van gras op alle erwe asook oop areas en sypaadjies wat aan die HVHV behoort met 'n grasmasjien (nie kantsnyer nie!) 2 keer per maand, sowel as die rande met 'n kantsnyer.

2. Skoonblaas van alle erwe insluitend die wat slegs plaveisel het.
3. Verwydering van snysels/blare en tuinvullis.
4. Afsaag en verwydering van boomtakke wat oor strate hang en noodvoertuie/vullisverwydering se toegang bemoeilik.
5. Doodspuit van onkruid moet maandeliks geskied op alle plaveisel. Breëblaargif moet 2 keer per jaar op grasperke gespuit word. (Gif word voorsien.)
6. Dooie onkruid en onkruid wat nie deur gif gedood is nie, moet te alle tye verwyder word, sodat plaveisel ten alle tye onkruidvry is.
7. Instandhouding van beddings en kleiner snoeiwerk aan bosse/bome indien aangevra deur Lede.

Die uitbreiding van die kontrak het noodwendig meegebring dat die koste vir die diens verhoog het. Daar sal gepoog word om die addisionele uitgawe vir die huidige finansiële jaar deur besparings op die begroting te dek.

Lede moet egter daarop let dat waar hekkies toegang na dele van erwe versper die gras daar nie gesny en plaveisel nie skoongehou sal word nie.

## SEKURITEIT

Bestuur is bewus dat daar nog probleme met die huidige sekuriteitsdiens ondervind word. Heelwat nuwe gesigte word aan diens opgemerk en daar is waargeneem dat die diens nie dieselfde is as waaraan gewoond was nie. Dit waarmee Bestuur nie tevrede is nie is aan die sekuriteitsfirma oorgedra vir die nodige aandag en regstelling. Die Bestuurlid verantwoordelik vir sekuriteit sorg dat die firma die diens opskerp om aan die vereiste standaard te voldoen.

Daar word op 'n gereelde basis vergader met mnr Piet Otto, die toegewysde senior beampte van die diensverskaffer, om probleme te bespreek en voorstelle te maak vir verbetering van die diens. Mnr Otto kan te enige tyd geskakel word wanneer hulp benodig word of om probleme aan te meld. Sy kontaknommer is 083 334 7893.

Ons kan rapporteer dat geen ernstige voorvalle die afgelope tyd aangemeld is nie. Enkele gevalle van deure of vensters wat oop gelaat word na die vertrek van Lede het steeds voorgekom. Lede moet daarop let dat Hartenbos nie meer, soos van ouds, die plek is wat nie deur kriminele geteiken kan word nie. Maak maar seker dat items soos fietse en ander artikels nie onnodig buite gelaat word nie.

## KAMERAS

Ongelukkig het daar 'n vertraging met die uitrol van die kamerastelsel gekom. Kwotasies vir die uitbreiding van die stelsel om nommerplaatwaarneming aan die ATKV se kant in te sluit is aangevra en word nog beoordeel. Intussen word die eienaars in die noordoostelike hoek van die Oord (oos van die treinspoor), wat nie ingesluit is in die HVHV-gebied nie, genader om vas te stel of hulle belangstel om ingesluit te word by die projek. Hulle sal dieselfde bydrae as die Lede moet maak.

## HEFFINGS

Alle Lede wat gebruik maak van die debietorder-stelsel en dié wat gereeld maandeliks hul heffings betaal, word hartlik vir hul samewerking bedank. Soos wat daar in die Grondwet bepaal word, is heffings jaarliks vooruitbetaalbaar. 'n Aantal Lede het egter 'n ooreenkoms gesluit met Bestuur dat hulle dit maandeliks per EFT of direk in die HVHV se bankrekening sal betaal. Waar hierdie onderneming nie nagekom word nie deur na te laat om die maandelikse betaling te maak, word rente bereken op die volle uitstaande gedeelte van die jaarlikse heffing en by die uitstaande bedrag gevoeg.
Daar is egter Lede wat tot op hede nog nie vanjaar enige heffing betaal het nie. Rente op die uitstaande bedrae word maandeliks bygevoeg. Bestuur het besluit dat indien hierdie uitstaande heffing nie teen **31 Augustus 2023** betaal is nie, die rekening aan ons prokureur oorhandig sal word vir invordering.

## BEGROTING 2024

Beplanning om die begroting vir 2024 op te stel het reeds begin. Aangesien die grassnydienste uitgebrei is, is die koste vir vanjaar hoofsaaklik uit besparings op paaieinstandhouding gesubsidieer. Dit bring mee dat daar beplan moet word om die begroting met meer as inflasie te verhoog, moontlik met ongeveer 8.3%.

## PAAIE

Die herseël van nege (9) strate ooreenkomstig die beplanningsskedule om elke straat in die oord elke vierde jaar te seël, is afgehandel. Hierdie strate is:

Karoodorp: Gamkalaaan Oos, Grasveldlaan Oos, Duinelaan, Kamdebolaan Oos.

Terrein 194: Saldanhaweg.

Strydomsoord: Monatokalaan, Sandrivierlaan, Port Natalweg Oos, Riviersingel.

## HUISREËLS

Lede word weer na die Huisreëls verwys wat aan elke Lid gestuur is en op die webwerf geplaas is. Waar Lede huurders in huise het, moet Lede die reëls onder hul aandag bring. Indien reëls nie nagekom word nie, bly die Lid aanspreeklik vir die oortreding.

Gevalle het reeds voorgekom waar lede 'n eerste waarskuwing ontvang het.

## DALMANUTHALAAN

Tot groot frustrasie vir Bestuur is daar nie vordering gemaak met die aanvang van die bou van Dalmanuthalaan nie. Die jongste inligting is dat die planne nog nie goedgekeur is nie en dat die Munisipaliteit nog wag op inligting wat aangevra is van die Ontwikkelingsmaatskappy. Goeie nuus is egter dat die oostelike gedeelte van

Dalmanuthalaan nie aan die Munisipaliteit behoort nie, maar aan die ATKV. Die ATKV skenk dit aan die HVHV en die Munisipaliteit het geen beswaar dat dit aan die HVHV oorgedra kan word nie. Die nodige oordragproses moet nou plaasvind.

## SALDANHAWEG

Daar was 'n vertraging met die aanvang van die bou van die wandelpad by Saldanhaweg. Intussen is die grond van die Munisipaliteit na die ATKV oorgedra. Die ATKV het ons in kennis gestel dat hulle met ons in verbinding sal tree sodra die finale begroting deur die ATKV-hoofkantoor goedgekeur is. Ons hoop dit sal voor Desember wees.

## RADYNSTRAAT

Die stormwaterprobleem in Radynstraat is ongelukkig nog nie opgelos nie. Die stormwaterpype wat daar geïnstalleer is, is dié van die Munisipaliteit en die HVHV mag nie daaraan verander nie. Die Munisipaliteit se ingenieur moet nog voorstelle voorlê hoe hulle die probleem sal oplos.


## BESTUURSKOMITEE VIR 2024

Die jaar loop werklik vinnig ten einde en die volgende Algemene Jaarvergadering is amper voor die deur. Dit bring die verkiesing van 'n nuwe Bestuur na vore. Tans bestaan die komitee nog uit sewe (7) lede. Slegs drie (3) van hulle woon tans permanent in Hartenbos. Lede word versoek om dit sterk te oorweeg om hulle verkiesbaar te stel. Daar word veral meer Lede wat permanent op Hartenbos woon, benodig vir portefeuljes wat vereis dat die Lid plaaslik beskikbaar moet wees om daarna om te sien.

Indien Lede wat oor spesifieke kundigheid en ervaring beskik nie kans sien om as bestuurslid te dien nie, maar wel bereid is om in 'n raadgewende hoedanigheid 'n bydrae te lewer, sal dit verwelkom word.

Vergaderings vind driemaandeliks per Zoom plaas. Vanjaar het ons tot dusver twee vergaderings in persoon gehou toe Bestuurslede toevallig op Hartenbos was. Die lede wat nie in persoon teen woordig was nie het per Zoom ingeskakel.

Ons wens u sterkte toe vir die tweede helfde van die jaar.
Vriendelike groete



FRANS STAPELBERG
VOORSITTER 2023

Voorsitter :Frans Stapelberg Ondervoorsitter: Nico Marais Sekretaresse:Santie von Below
Epos : admin@hartenboshuiseienaars.co.za